**Donderdag 11 Mei**
**Skrifgedeelte: Hooglied 4:1 – 5:1**
**Fokusgedeelte: Hooglied 5:1 (AFR83/2020)**
**Die lied van die bruidegom**

Na die afloop van die huwelikprosessie en die seremonie in die vorige hoofstuk, is die bruid en die bruidegom nou alleen saam. Die verliefde bruidegom praat eerste en hy is vol lof vir die skoonheid van sy bruid. Hy noem eers sewe fisiese eienskappe om sy geliefde bruid mee te beskrywe.

Dit is duidelik dat hy sy vermoë om dit wat hy sien, op 'n pragtige manier gebruik deur te verwoord eie aan sy tyd. Eers raak hy sy nuutgevonde vrou aan met sy woorde voordat hy haar met sy hande aanraak. Sy is mooi genoeg om hom gevange te hou deur na haar te kyk en haar te beskrywe. Hy praat vir die eerste keer in vers 8 van haar as sy bruid, die vrou waarmee hy getrou het. Hy beskrywe haar as sy "toegesluite tuin" (vs 12) waartoe net hy private toegang het om dit te geniet.

Die manier hoe Salomo, die moontlike skrywer van Hooglied, hierdie lied van die bruidegom geskryf het, laat mens amper dink aan dit wat in 1 Korintiërs 7:3 ook staan, naamlik dat die man sy huweliksplig teenoor sy vrou moet nakom. Vir ons vandag beteken dit dat daar binne die huwelik iets mooi en aantreklik is in die wyse hoe 'n man met sy eie vrou lewe. Dit hou ook in dat intieme verkeer tussen 'n man en 'n vrou tot die huwelik beperk is. Om die lied van die bruidegom allegories te probeer verklaar as die verhouding tussen Jesus Christus en sy kerk, bring meer probleme as oplossings na vore.

Die woorde van Spreuke 18:22 word in hierdie gedeelte bevestig: "Wie 'n vrou gevind het, het die goeie gevind, en geniet die goedkeuring van die Here."

*Sing: Psalm 45-2:1, 9, 10*

*Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)*